



Laerskool Simon van der Stel

# Dink nuut!

27 Maart 2017

## Omsendbrief 09/2017

Geagte Ouers

Aan die einde van hierdie kwartaal wil ons graag die volgende inligting met u deel:

### **A. Personeel**

Baie dankie aan elke personeellid vir al die harde werk van die afgelope kwartaal op akademiese-, kulturele- en sportgebied en veral dankie vir al die ekstra tyd wat u insit tot voordeel van ons kinders en die skool.



Dankie in die besonder aan mev. M. Meyer, wat waargeneem het in die plek van mev. E. Tobin, wat volgende kwartaal weer by ons aansluit.

Ons wens vir mnr. S. Brandt alle voorspoed toe met die knie vervangingsoperasie wat hy in die vakansie moet ondergaan asook met die hersteltydperk daarna. Mnr. Brandt gaan op 15 Mei terugkeer na die skool en mnr. S. le Roux gaan tot dan in sy plek waarneem.

### **B. Ouers, kinders en buite-afrigters**

'n Hartlike woord van dank aan elkeen van u as ouers vir u ondersteuning op al die terreine van die skool die afgelope kwartaal waarsonder ons nie so suksesvol sou wees nie. Baie dankie ook aan elke kind vir al die opofferinge wat gemaak was die afgelope kwartaal. Ons kinders verdien 'n goeie vakansie!

Baie dankie aan die volgende buite-afrigters vir uitstekende werk gedoen: **Toutrek** – Mnre. A. Bronkhorst, C. Heiberg, K. Nortje en mev. J. Nortje asook mev. K. Shaw (voorsitster van die komitee), **Atletiek** – Mnre. B. Meyer en W. Singleton.

### **C. Sport en kultuur**

Ons is baie trots op ons kinders se deelname en prestasies die afgelope kwartaal op al die terreine, naamlik atletiek, swem, toutrek, mini- en senior krieket, skaak, junior- en senior tennis. Geluk ook aan ons toutrekspanne met hul prestasies die afgelope naweek by die SA Kampioenskappe.

### **D. Akademie**

Hartlik geluk aan mej. E. Ackermann, ons personeel asook ons graad 3 klas van verlede jaar met die toekenning wat ons skool onlangs van die WKOD ontvang het ten opsigte van Taal- en Wiskunde-uitslae na aanleiding van die sistemiese toetse van 2016.

U kinders ontvang, soos die gebruik is, Vrydag hul verslae. Bestudeer dit asseblief deeglik, bespreek dit met u kind en kontak gerus die klasonderwysers indien u verdere inligting verlang.



### **E. Pretloop**

Ons jaarlikse Pretloop vind weer volgende kwartaal in Wynberg Militêre Basis plaas en wel op **Vrydag, 21 April**, gedurende die skooldag. Meer inligting in die verband asook die donasielyste word Woensdag aan u gestuur. Hou solank 21 April oop en kom stap saam met ons en die kinders.



### **F. Kwartaalafsluiting**

U is baie welkom om ons gebruiklike saalbyeenkoms eerskomende Vrydag om 08:30 by te woon. **Onthou dat die kinders Vrydag om 11:00 verdaag.**

'n Geseënde Paasfees vir elkeen van u. Geniet die tyd wat u kinders huis kan wees en vir die van u wat op reis gaan, wens ons 'n aangename en veilige reis toe.

Vriendelike groete.



**E.L. KÄSNER  
SKOOLHOOF**

*Baie dankie aan almal wat 'n bydrae gelewer het tot die Imizamo Yethu-slagoffers. Ons waardeer dit opreg.*